**Van roes en amarant.**

Pirow Bekker. 2008. Pretoria: Protea Boekhuis. 115 pp. ISBN: 978-1-86919-258-7.

Bekker se digter- en skrywerskap strek reeds oor meer as veertig jaar. In sy sewende digbundel, wat tematies sterk aansluit by *Stillerlewe* van 2002, word gefokus op die avontuur van die laaste lewensfase. Dit word meer bepaald 'n besinning oor die fenomeen van afsluiting en 'n bewustelike hantering van die gegewe. Hiervoor gebruik die digter 'n besonder breë doek, gevul met elemente wat strek van figure en situasies uit die antieke tye en die Bybel, tot by skrywers en hul werk uit plaaslike bodem, aangevul deur eietydse situasies wat dikwels as metafoor dien. 'n Vertreksaal verwys byvoorbeeld nie slegs na 'n lughawetoneel nie; en die tsoenami is meer as 'n natuurramp. Bekker se beeldwêreld is tegelyk ver en naby, sodat die tagtig verse danksy 'n groot variasie van perspektiewe en invalshoeke bly boei ten spyte van 'n ietwat beperkte tematiek.

Hierdie digter was nog altyd bekend vir sy besondere woordvaardigheid, en deur die voortsetting en uitbreiding hiervan, tesame met 'n trefseker aanvoeling vir gepaste ritmiek, verkry die verse verdere trefkrag. 'n Ruim leksikon word bestryk: van die volkse en idiomatiese tot die meer verhewene. Stilisties wissel die aanbod van toon en register namate die spreker beweeg tussen spel en selfspot na patos en refleksie. Hy gaan skeppend om met woord en klank, buit potensiële dubbelsinnighede uit en kan neologismes kwalik weerstaan ("peuterpappie", "nathoutgeduld", "beroerling", "suikerbekklong", "golfpoepertjie", "ingelaken"), terwyl humor, dikwels in die gedaante van fyn ironie, altyd na aan die oppervlak lê. Tesame met 'n nugter en oorspronklike kyk op sake, stel hierdie verse oor die naderende dood ('n woord wat die digter "doodgewoon" hanteer) byna 'n aangename ervaring in die vooruitsig. Die klem val op die sterwensproses as 'n tregtering, 'n nuwe ligval, of selfs 'n hedonistiese oorgawe aan die son, soos waar die spreker hom op sy rug draai om te baai in die gloed wat van die hemel afstraal: "my keel, / my buik, my flanke kwesbaar, oop … kom dan, son, / kom met die felste van jou skyn / – dit sal fyn vonk in my – kom…" (17). Elders word die dood verbeeld as ekskreta van die hart, of as filter, of as die gewoonste oorgang, soos die voorsetting van "elkedagse sleur" waar 'n "wasmasjien wat outomaties deur sy siklus glip / van was na spoel, van was na spoel / om uiteindelik die laaste opgeloste stof / uit te wentel, die lading skitterskoon te laat" (15). Die ligvoetigheid waarmee die onderwerp van sterflikheid benader word, neig egter nooit na die banale nie.

Dit spreek vanself dat die slotbedryf van 'n digter as "pennelekkerbekker" (98) ook hier ter sprake gebring word, en so ook die einde van 'n verbintenis wat gestalte kry in 'n aantal teer liefdesverse aan die lewensmaat. Tegelykertyd word die onmiddellike omgewing en intieme dinge van elke dag op 'n nuwe manier ervaar en oorweeg – asof hulle reeds besig is om die spreker vaarwel te wuif, soos in die veelseggende "Sundowner" (27). Die gedig is nie alleen ryk aan beeldingskrag nie, maar patos en nugterheid staan in 'n merkwaardige balans. Weereens tref die slot, soos meermale in hierdie verse, wanneer die spreker die sterflikheid en die afskeid troef deur daarop 'n skemerkelkie (met 'n ewe sprekende naam) te klink:

> Ek sal 'n *London fog* op julle lig:
> Die mis kom orals eenders nader.

Daarteenoor staan die slot van "Nagblommende kaktus" (42) in die teken van triomf – wat beide na die lewe en die dood kan uitwys:

> totdat 'n glanskopblom deur alles kom
> en een nag oopgaan op die prik
> van 'n melkwegteer struktuur.



22 Web Bezuidenhout resensie 03.pmd 244 7/9/2009, 10:08 AM

Die titel van die bundel, gekomplementeer deur die visuele beeld van brokke kleur en vorm op die omslag, kry deeglik beslag in die sewe afdelings op die "om te…-patroon". Verskillende betekenisvalensies van "roes" word ontgin in "Bitterhout" (54), "Strandvakansiehuis" (67) en "Kaiingroes". Dit word gestel teenoor "amarant" wat verwys na 'n plantgenus wat in antieke tye as onsterflik beskou is, en na die blom se persrooi skakering wat nooit verdof nie. Die hele korpus verse vertoon inderdaad hoe die proses van aftakeling en sterwe in wese met onsterflikheid deurweef is; en die digter leen mildelik van albei om versoening te veronderstel.

Trefseker beelde wat die leser bybly is onder meer: "wanneer met die laaste blinding opgerol / die lig verskuif na waar duikpakke, groen / soos luidiere aan die hanebalke hang" (68) en "Nog 'n oggend het soos 'n geelbekeend / agter oor die water opgekom – " ("Die dag ontkwaak", 94). 'n Ander is die onbevange vooruitskouing op die oomblik van oorgang na 'n alternatiewe lewensvorm in "Ver slaap" (80):

> Laat die een wat my wakker maak,
> bekend wees aan my, lewenslank,
> laat die intieme hande aan my raak
> en sag, in Afrikaans, met my praat.

Die gewone sterfling se bewustheid van die dae "terwyl jy aan die opdood is" word helder verbeeld in 'n reeks ryk geskakeerde verse; met as strategie 'n sekere lugtigheid gepaar met ontsag vir sowel die lewe as die nie-lewe – waarvan ons ewe min weet. 'n Vakman wat hom met gemak aan poësiekonvensies hou en dit ewe geslepe deurbreek, bied aan lesers genoeg verrassings om van die klink van ons aardse doppie 'n ontdekkingsreis te maak.

*Zandra Bezuidenhout*
Stellenbosch



22 Web Bezuidenhout resensie 03.pmd 245 7/9/2009, 10:08 AM